

KREATIWITEIT

met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



Stimuleer só kreatiewe ontwikkeling in kinders

Kreatiewe denke kan al van kleintyd af gekoester word en lei nie net na die kunste nie, maar is ook van groot waarde op vele gebiede van die grootmensewêreld. 'n Kreatiewe opvoeding lei na wyer denke; om meer oopkop te wees in die soeke na oplossings vir probleme.

Hier volg 'n paar wenke om kreatiwiteit by klein kinders te stimuleer en te ontwikkel:

So moeilik as wat dit is, moet ouers soms terugstaan en toekyk hoe hul kind foute maak, eerder as om in te meng. Daar is soveel om uit 'n mens se foute te leer en hoe jonger jy is, hoe meer gering sal die gevolge wees. Kinders moet weet dat foute nie die einde van die wêreld is nie, maar wel 'n kans bied vir weer probeer en verbetering.

Foute leer 'n mens van kleintyd af dat daar gevolge is elke aksie en dat 'n mens beter keuses moet maak. Soms word kinders te streng grootgemaak, waar die vrees om te misluk hul grootste regterbreinvyand is, met die gevolg dat hulle kreatiwiteit hierdeur ingehok word. Sulke kinders sal dit veiliger vind om "binne die boks" te leef wat die ouers vir hul daargestel het. Om te leer om buite die boks te dink, kan 'n nuwe perspektief bied in soveel aspekte en klein lesse op 'n jong ouderdom kan 'n waardevolle kreatiewe fondasie tot stand bring om hulle te help in die grootmensewêreld.

Bied aan kinders hul eie keuses, al is dit buite dit wat as normaal beskou word. As jou kind byvoorbeeld sop met 'n strooitjie wil drink, sien dit as ondervinding en moenie jou kind laat voel dat daar iets fout is met hom/haar bloot omdat jy dit nog nooit vantevore self probeer het nie. Kinders mimiek dikwels hul ouers en as jy as ouer nie geseënd was met 'n kreatiewe opvoeding nie, moenie jou kind ook daarvan ontnem nie.

Bied aan jou kind die geleentheid om alles te probeer deur doelbewus iets kreatiefs saam aan te pak. Maak jou kind deel van wat jy doen – al loop dit op 'n gemors uit, sal die opoffering beslis die moeite werd wees. As die jongeling wil tuinmaak, koop of maak tuingereedskap waarmee hul gemaklik sal kan werk. Selfs "bak en brou-" of "spoeg en plak"-klasse kan wondere verrig vir jou.

Kreatiewe kwaliteittyd is baie belangrik, maar waak daarteen om alles op jou manier te wil laat verloop. Om heelyd in te meng, is nie gesond nie. Dikwels kan al die "moets" en "moenies" ook 'n demper wees op die ontwikkeling van 'n kreatiewe kind. So dikwels wil ons inmeng terwyl 'n kind kreatief besig is en wil ons hul aanraai om nie die bome blou in te kleur nie of om binne die lyne in te kleur. Lê meer klem op die proses van inkleur en die lekkerte daarvan eerder as die eindproduk. 'n Meer kreatiewe benadering sal wees om die kind te vra om self die prentjie te teken wat ingekleur moet word.

Dit is ook meer van pas om vir 'n kind te sê "verduidelik vir my jou prentjie"...Eerder as om te sê "wat is dit?"

Almal floreer op komplimente en so ook kinders. Te veel komplimente kan lei tot 'n kind wat dinge sal doen bloot in ruil vir 'n kompliment. Om meer klem te lê op die aktiwiteit, bied aan jou kind meer vrye teuels om te doen waarvan hy/sy hou. Woorde soos "ek sien jy kleur lekker in met die rooi potlood" is veel beter as om jou kind te prys op grond van dit waarvan jy hou. Soms sal jou kind 'n prentjie aframmel net om 'n kompliment en aanvaarding te kry, in stede daarvan om die tekenproses te geniet en hom/haarself daardeur uit te leef.

'n Deurmekaar "werkswinkel"-area stimuleer kreatiwiteit omdat die kind enige tyd na die area kan gaan om verder te verf, of met die klei of boublokke te speel. So dikwels moet alle speelgoed weggepak word vir 'n volgende keer se speel. Uit die oog, uit die hart is 'n baie gepaste gesegde wat spreek van die nadeel daarvan om alles weg te pak. Die kans om kreatief te wees, moet altyd beskikbaar wees. 'n Spesifieke kamer, waarvan die deur toegetrek kan word, is 'n broeikas vir kreatiwiteit eerder as vir slegte gewoontes. Kinders kan elders in die huis geleer word om netheid toe te pas.

Maak tyd gedurende die dag waar jy jou kind toelaat om alleen kreatief te verkeer, om self te ontdek, te eksperimenteer en sy/haar verbeelding te ontwikkel. Televisie roof kinders van hul eie denke en verbeelding en moet tot 'n mate beperk word. Baie kinders is verveeld met die afwesigheid van 'n visuele, elektroniese skerm en kan hulself nie op 'n kreatiewe manier besig hou nie. Kreatiwiteit lei tot kinders wat somer baie lekker kan speel.

Dikwels kan duur, gekoopte speelgoed ook daarvoor verantwoordelik wees om jou kind se kreatiwiteit in te hok – veral as dit 'n spesifieke funksie verrig, 'n sekere vorm en kleur is en 'n sekere klank maak. 'n Paar stokke wat die kind self uitgekies en aanmekaar gebind het, kan 'n oulike vliegtuig wees en die kind kan self die klanke van die enjins naboots. Die vliegtuig kan beplak of geverf word na sy eie behoeftes. Twee spoelklippe met boomblore tussen-in, kan 'n oulike speeltoebroodjie wees en elke verskillende blaarkombinasie kan 'n nuwe resep wees. Lê klem op die kleiner dinge van die lewe en veral op detail. Wolke wat soos figure lyk sal nuuskierigheid prikkel en kinders laat wonder. Sonder die nodige bewusmaking sal wolke altyd net wolke vir jou kind bly. Laat die kind self toe om te sê wat hy/sy in die wolke sien.

Om kreatief te dink kan jou ook dalk net 'n blaaskans gee om jou koppie tee in vrede te geniet – en dink net, deur jou kind se speelgoed weg te steek, hoef jy ook nie saam wegkruipertjie vir die honderdste keer te speel nie! ■

Vir navrae, skakel David Viljoen van Mercury Designs by 011 894 2430 of 082 468 3142, of stuur vir hom 'n e-pos na: david@mercurydesigns.co.za. Gaan hou ook van ons Facebook-bladsy "Wysboek op Facebook".



Wysboek op Facebook

